Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2025**

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** 70

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep ná elke afdeling.

6. Nommer elke antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

# Damprook: Skoksyfers oor tieners in SA; kan breinontwikkeling skaad

1 Byna 30% van matriekleerlinge in 52 skole oor die land heen damprook aktief.

2 Dit is kommerwekkend omdat nikotiengebruik in die tienerjare kinders se breinontwikkeling kan belemmer, is bevind in ŉ onlangse studie onder leiding van die Universiteit van Kaapstad.

3 25 000 leerlinge by 52 skole is vir die studie ondervra. Die resultate is onlangs in die vaktydskrif *The Lancet eClinicalMedicine* gepubliseer.

4 In die studie is ook vasgestel 16,8% van hoërskoolleerlinge wat ondervra is, het die voorafgaande 30 dae gedamprook. Onder dié leerlinge is 29,5% in matriek. In sommige skole damprook soveel as 46% van matrieks. Dis in teenstelling met 5% aangemelde gevalle van leerlinge wat dagga gebruik, 2% wat tabaksigarette rook en 3% wat waterpype rook.

5 Tussen 40% en 60% van die leerlinge wat damprook, is waarskynlik aan nikotien verslaaf. Baie van hulle het onttrekkingsimptome aangemeld, onder meer die behoefte om te damprook onmiddellik nadat hulle wakker word. Sommige leerders het gekla van ŉ ligte hoofpyn of ŉ effens narerige gevoel. In sekere gevalle was die naarheid baie erg. Party het gesê dat hulle soggens selfs ŉ bewerigheid in die hande ervaar.

6 "Hierdie syfers oor tieners wat damprook, is erg kommerwekkend weens die hoogs verslawende aard van nikotien," sê prof. Richard van Zyl-Smit, ŉ longspesialis, akademikus en toonaangewende kenner van tabak- en damprooknavorsing by die Groote Schuur-hospitaal in Kaapstad.

7 Hy waarksu nikotiengebruik gedurende die tienerjare kan die ontwikkelende brein benadeel met moontlike langtermyngevolge vir leer, geheue en aandagspan. "Dit verhoog ook die gevaar van oorskakeling na konvensionele sigaretrook."

8 In die studie is vasgestel tieners begin gewoonlik damprook weens sosiale druk, nuuskierigheid en om spanning te verlig. Mettertyd ontwikkel hierdie faktore ŉ stappie verder na afhanklikheid en ŉ hanteringsmeganisme vir emosionele welstand.

Kopiereg voorbehou



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

9 Prof. Jackie Hoare, medeskrywer van die studie, sê baie leerlinge besef nie hulle is afhanklik nie, al ervaar hulle reeds onttrekkingsimptome. Sy stel voor dat verdere studies gedoen moet word oor watter opvoedkundige en ander ingrepe gedoen kan word om die probleem te pak.

10 Baie kenners is dit eens dat damprook ŉ besonder groot probleem is, aangesien veral tieners nie die gevaar van damprook besef nie. Baie tieners beskou dit slegs as ŉ onskuldige tydverdryf en besef nie dat verslawing tot baie ander negatiewe newe-effekte kan lei nie.

11 Leerlinge by skole wat jaarliks skoolgeld van tussen R20 000 en R40 000 vra, het luidens die studie die meeste gedamprook (19,5%), vergeleke met 14,6% by skole wat meer as R90 000 per jaar vra.

12 "Hierdie data kan help om beleid te formuleer wat toegang tot, bemarking en advertering van damprookprodukte onder tieners reguleer," sê Van Zyl-Smit.

13 Willemien Brümmer het in ŉ onlangse diepte-artikel oor damprook geskryf dis ŉ "wolhaar-storie" dat damprook onskadelik is, en nuwe wetgewing is nodig om dit te reguleer om jong mense te beskerm.

14 Volgens prof. Andrew Huberman, ŉ neurowetenskaplike by die Stanford Universiteit in die VSA, word die neuro-oordraer dopamien aansienlik vinniger vrygestel wanneer jy teug aan jou damprooktoestel as wanneer jy tradisionele sigarette rook. "Kort voor lank het jy al hoe meer teue nodig vir dieselfde aktivering van jou brein se beloningsnetwerk."

15 Volgens Huberman is die prentjie "uiters donker" – veral onder rokers jonger as 25. "Ek is baie bekommerd oor ŉ praktyk wat die dopamien-stelsel aktiveer volgens dieselfde kinetika wat ŉ mens sien met die inname van kokaïenkristalle onder jong mense, wat vinnig mag lei tot ŉ toestand waar die hele beloningsnetwerk beskadig is en permanent beskadig mag bly, tensy jy op baie spesifieke maniere ingryp."

16 Van Zyl-Smit het aan Brümmer gesê damprook het sedert 2016 met meer as 900% toegeneem. Baie meer tieners kry hul nikotien-*fix* op hierdie manier as deur tabak. Tieners begin gemiddeld op 14 jaar oud damprook.

17 In die lig van die bevindinge in die onlangse landwye studie het Van Zyl-Smit ŉ voorlegging gemaak aan die portefeuljekomitee vir gesondheid oor die beoogde Wetsontwerp op die Beheer van Tabakprodukte en Elektroniese Afleweringstelsels, wat daarop gemik is om e-sigarette op ŉ soortgelyke manier as sigarette te reguleer.


18 "Op die oomblik is dit basies ŉ *free-for-all*. Enigemand kan dit aanlyn bestel en kinders kan dit by die kafee op die hoek naby hul skool koop. Jy moet die bedryf daarvan weerhou om absolute gemors aan mense te bemark."

[Aangepas uit *Die Burger*, 11 Desember 2024]

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**TEKS B: VISUELE TEKS**





Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAE: TEKS A

1.1 Verwys na die titel.

Watter ander woord in die titel sluit by "skoksyfers" aan om die negatiewe effek van damprook te beklemtoon? (1)

1.2 1.2.1 Is die statistiek in paragraaf 1 werklik skokkend? Motiveer jou antwoord. (1)

1.2.2 Sê waarom paragraaf 2 'n geskikte opvolg op paragraaf 1 is. (1)

1.3 Verduidelik waarom die noem van die vaktydskrif se naam in paragraaf 3 funksioneel is. (1)

1.4 Verwys na paragraaf 4.

Watter afleiding kan 'n mens maak rakende die gewildheid van dagga, gewone sigarette en waterpype? (1)

1.5 Sê of die eerste sin in paragraaf 5 'n feit of 'n mening is. Motiveer. (1)

1.6 Noem VIER tekens van onttrekkingsimptome wat leerders ervaar. (4)

1.7 Evalueer die volgende stelling:

Die inligting in paragraaf 6 is geloofwaardig. (1)

1.8 Verduidelik in TWEE volsinne, in jou eie woorde, hoe damprookverslawing gebeur. (2)

1.9 Wat is, volgens prof. Hoare, TWEE groot probleme met die hantering van damprookafhanklikes? (2)

1.10 Verwys na paragraaf 8 en 11.

Gee DRIE moontlike redes waarom "armer" skole se leerders meer damprook as dié van "ryker" skole. (3)

1.11 Wat word oor damprook geïnsinueer as dit vergelyk word met die gebruik van kokaïen? (1)

1.12 1.12.1 Watter gemeenskaplike siening deel Willemien Brümmer en prof. Richard van Zyl-Smit? (1)

1.12.2 Van Zyl-Smit hamer op die **regulering** van damprookprodukte. Wat bedoel hy eintlik hiermee? (1)

1.13 Noem DRIE probleme wat met damprook ondervind word, volgens die laaste 5 paragrawe van die artikel. (3)

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**TEKS B**

1.14 1.14.1 Hoe sluit TEKS B by TEKS A in die geheel aan? (1)

1.14.2 Watter voordeel het die grafiese voorstelling in TEKS B bo TEKS A? (1)

1.14.3 In TEKS B lyk gedeelte B baie anders as gedeelte A.
Stem jy met die stelling saam? Motiveer jou antwoord. (1)

1.15 Wat impliseer die woordkeuse "moontlik" in die sin by C:
Dit het moontlik langtermyn nadelige gevolge vir leer, geheue en aandagspan? (1)

**TEKS A EN TEKS B**

1.16 1.16.1 Sê waarom die persentasie leerders wat die afgelope 30 dae gedamprook het, nie veralgemeen kan word nie. (1)

1.16.2 Hoe word die statistiek wat sê dat 40–60% leerders verslaaf is, in 'n mate in TEKS A weerspreek? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak ŉ opsomming van **SEWE riglyne hoe sportouers hul kinders kan help druk hanteer.**

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ŉ titel te gee nie.
4. Dui die **getal woorde** aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**DIE SPORTVELD IS ŉ POTENSIËLE SLAGVELD VIR ENIGE OUER ...**

Almal wil die beste hê vir hul kind. Ons gedrag, gesprekke en invloed kan egter bepaal hoe hulle sport beleef, hoe goed hulle doen en of dit enigsins van opvoedkundige waarde vir hulle is. So sê Gielie Hoffmann wat as ŉ geestesbreier met atlete, spelers en spanne werk. Hy help ook gereeld afrigters en ouers deur wenke te gee om die balans te vind en geestelik voorbereid te wees.

Eerstens, wees ŉ ondersteuner. Maak seker dat jou kind weet jy ondersteun hulle ongeag wat. Maar moet nie die rol van die afrigter, spanmaat of onderwyser probeer oorvat nie. Praat ook positief oor spanmaats, die afrigter en ander ouers. Elke keer wat jy ŉ afrigter of speler voor jou kind slegsê, maak dit dat hulle volgende keer sukkel om die afrigter of speler te vertrou.

Wees versigtig met kritiek op jou eie kind. Tydens deelname is dit glad nie nodig nie. Direk ná ŉ wedstryd ook nie. Gesels die volgende dag. Dit gee jou ŉ kans om bietjie te bedaar en om perspektief te kry en te bepaal wat regtig waarde sal hê.
Realistiese verwagtinge is ook belangrik. Ongesonde druk kan keer dat jou kind sy potensiaal verwesenlik. Lê eerder klem op hulle veg- en sportmangees. Maak seker hulle gee hulle beste. Respekteer die opponente, skeidsregter en hul eie spanmaats.

Hanteer beserings reg. Niks is belangriker as jou kind se welstand nie. Gee aandag aan beserings. Luister na die aanbevelings van die spesialiste. Op ŉ emosionele vlak moet mens ook uitbranding voorkom. Om vir ŉ te lang tydperk onder te veel druk te wees sonder om volkome te ontspan sal maak dat ŉ speler in ŉ stadium nie meer kompeterend kan wees nie. Hulle motivering gaan verdwyn. Hulle gaan geen fisiese en emosionele energie hê nie.

Balans tussen sport en die res van hulle lewe is hier belangrik. Moenie jou gesinslewe inboet vir sport nie. Baie keer kry die sportkind in die huis se behoeftes voorkeur. Maak seker daar is naweke en vakansies wat nie net om sport draai nie. So moedig jy ander belangstellings en ŉ sosiale lewe aan.

[Aangepas uit https://maroelamedia.co.za/leefstyl/ouerskap/10-wenke-vir-n-sport-ouer/]

**TOTAAL AFDELING B: 10**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Aangepas uit *Taalgenoot*, Winter 2024]



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**VRAE: TEKS D**

3.1 Hierdie advertensie lê klem op die feit dat 'n digitale platform adverteer word.

3.1.1 Watter tegniek word reeds in die titel van die advertensie aangewend om die bogenoemde stelling te ondersteun? (1)

3.1.2 Noem TWEE maniere wat regdeur die advertensie gebruik word om die leser se belangstelling te behou. (2)

3.2 Hoe, dink jy, dra die eerste drie woorde wat in reël 2 gebruik word by tot die geslaagdheid van die inhoud in reël 2? (1)

3.3 Identifiseer die moontlike stereotipering wat uit reël 3 afgelei kan word. (1)

3.4 Verwys na reël 4.

3.4.1 Wat is die funksie van die visuele uitbeelding regs van reël 4? (1)

3.4.2 Benoem die aksentteken wat in reël 4 funksioneel gebruik word. (1)

3.5 Watter klankverskynsel vind plaas indien "vir die" (reël 5) as "virrie" uitgespreek sou word? (1)

3.6 Gee die geïmpliseerde betekenis van die vraag in reël 6. (1)

3.7 Is die insluiting van die advertensie se QR-kode funksioneel? Motiveer. (1)
**[10]**

Kopiereg voorbehou

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Lees die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

RAAMPIE 1 RAAMPIE 2 RAAMPIE 3




RAAMPIE 4 RAAMPIE 5 RAAMPIE 6

[Aangepas uit *comicskingdom.com* 2017]

**VRAE: TEKS E**

4.1 Gee die korrekte verkleiningsvorm van die onderstreepte woord in RAAMPIE 1. (1)

4.2 Verwys na RAAMPIE 2

4.2.1 Watter gevoel word deur die man se lyftaal in RAAMPIE 2 geïmpliseer? Motiveer jou antwoord deur ook na die verbale inligting, wat dié gevoel ondersteun, te verwys. (2)

4.2.2 Benoem die leesteken wat die gevoel in VRAAG 4.2.1 verder beklemtoon. (1)

4.3 Watter TWEE visuele aanduidings is daar in RAAMPIE 3 dat die man belangstelling toon in die verkoopsdame se voorstel? (2)



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

4.4 Die vrou is in RAAMPIE 4 tevrede met die man se versoek.

Skryf EEN woord uit hierdie RAAMPIE neer om dié stelling te bewys. (1)

4.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (4.5) en die letter (A–D) neer, bv. 4.5 E.

Die man se woorde aan die verkoopsdame in RAAMPIE 5 kan gesien word as 'n voorbeeld van ...

A diskriminasie.
B partydigheid.
C sarkasme.
D eufemisme. (1)

4.6 Watter aanname kan die leser van die verkoopsdame maak deur na haar vraag in RAAMPIE 5 te kyk? (1)

4.7 Dink jy die man slaag in sy doel met sy antwoord in RAAMPIE 6? Verwys in jou antwoord na die verkoopsdame se lyftaal. (1)

**[10]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

## DIE STORIE VAN MELKTERT

1 Kan jy nou meer, melktert is toe nie so eie aan SA soos jy gedink het nie! Talle ander lande het ŉ (5.2) (gee + weer) van dié lekkerte ... Hetta van Deventer-Terblanche, koshistorikus en Kokkedoor-(5.3) **beoordelaar**, vertel meer oor die geskiedenis van ons geliefde melktert en (5.4) <u>lê</u> familie uit.

2 **(5.5) Melktert skitter êrens in die Melkweg van ons tradisionele koshemel**. Of dit nou met kaneelsuiker of met amandel gegeur is, en of dit met ŉ eenvoudige broskors of ryker skilferkors warm uit die oond voorgesit word, melktert bly trooskos.

3 Soos baie van ons ander kos-erfstukke is melktert ŉ goeie voorbeeld van soetigheid (5.6) <u>wat reeds van die Middeleeue af bekend is</u>. Dit is mos júis een van die kenmerke van ons kookkuns - dat verouderde smake, resepte en tegnieke hiér behoue gebly het.

4 Die Romeine was reeds 2 000 jaar gelede versot op eiervla, soet en sout. Die streng (5.7) **vasdagreels** wat die Katolieke Kerk mettertyd ingestel het, het veroorsaak dat monnikke en nonne met mekaar gewedywer het in hul soektog na (5.8) (smaakvolle/smaaklike) plaasvervangers vir vleis, vis, melk en eiers.

5 Ter afsluiting, dit maak nie saak watter vlapap-soetding jou gunstelingtrooskos is nie, as jy weer jouself wil bederf, maak soos kokke die wêreld oor reeds eeue lank doen en kies een van dié maklike, vinnige en bekostigbare verleidings.

[Aangepas uit *Sarie.com-span,* 27 Februarie 2014]

**VRAE: TEKS F**

5.1 Herskryf die opskrif deur die bepaalde lidwoord in die opskrif met ŉ aanwysende voornaamwoord te vervang. (1)

5.2 Skryf die woorde tussen hakies in die korrekte vorm. (1)

5.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (5.3) en die letter (A–D) neer, bv. 5.3 E.

Die korrekte versamelnaam van die vetgedrukte woord in reël 3 is ...

A paneel.
B reeks.
C groep.
D ry. (1)

5.4 Wat is die funksie van die skryfteken in die onderstreepte woord? (1)



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

5.5 Verwys na paragraaf 2, reël 5.

5.5.1 Verklaar die vetgedrukte idiomatiese uitdrukking in jou eie woorde. (1)

5.5.2 Skryf dieselfde vetgedrukte sin oor in die ontkennende vorm. (1)

5.6 Benoem die onderstreepte bysin in paragraaf 3. (1)

5.7 Verbeter die spelfout in die vetgedrukte woord. (1)

5.8 Kies die korrekte antwoord uit die twee moontlikhede wat die beste in paragraaf 4 se konteks sal pas. (1)

5.9 Identifiseer die verbindingswoorde in paragraaf 5 wat die chronologiese verloop van die teks aandui. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# AFRIKAANS HUISTAAL V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/bewys/motivering word oorweeg by die puntetoekenning.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie.**
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeusevrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

**VRAAG 1 (*Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)***

| Vraag | Antwoord | Punte |
|---|---|---|
| 1.1 | skaad √ | 1 |
| 1.2.1 | Ja, 30% is ŉ hoë persentasie.<br><br>**OF**<br><br>Nee, die statistiek is op slegs 52 skole gebaseer. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.2.2 | Die nadeel van die damprook wat in paragraaf 1 genoem word, word in paragraaf 2 uitgewys. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.3 | Die statistiek klink meer geloofwaardig. /Die noem van die bron maak dat mense dit kan navors. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.4 | Die genoemde is nie so baie gewild nie /nie so gewild soos damprook nie. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.5 | Mening – Leerders is “waarskynlik” verslaaf. √ | 1 |



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

| | | |
|---|---|---|
| 1.6 | Hulle het ŉ behoefte om te damprook onmiddellik nadat hulle wakker geraak het. √<br>Daar is ŉ ligte hoofpyn. √<br>Hulle voel effens naar. √<br>Hulle hande bewe. √<br><br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 1.7 | Ja, dit kan geglo word, want die spreker is ŉ professor/ (long)spesialis/ kenner. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.8 | Die gebruik begin om ŉ sekere rede (druk, nuuskierigheid, spanningverligting). √<br><br>Daarna ontwikkel dit na afhanklikheid /word dit ŉ meganisme om emosioneel goed te voel. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.9 | Leerders besef nie hulle is afhanklik nie.<br>Daar is nog nie genoeg studies gedoen oor hóé om die probleem aan te pak nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.10 | "Armer" skole se leerders ervaar meer sosiale druk /is meer nuuskierig/ ervaar meer spanning /het ŉ groter behoefte aan emosionele welstand. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 1.11 | Dit is hoogs verslawend. /Dit het ŉ groot (tydelike) impak op die emosionele welstand van die gebruiker. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.12.1 | Damprook moet deur wetgewing gereguleer word. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.12.2 | Dit kan nie by enige plek gekoop word nie/ dit kan nie aan onder-ouderdom persone verkoop word nie. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.13 | Damprook stel dopamien vry en is dus hoogs verslawend/ kan tot permanente skade vir die gebruiker lei.<br>Dit neem baie vinnig toe.<br>Meer tieners kry ŉ nikotien-fix deur damprook as deur tabak.<br>Tieners begin op ŉ jong ouderdom (gemiddeld 14).<br>Damprookprodukte word nie gereguleer nie / kan aanlyn bestel word/ kan op byna enige plek gekoop word. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

| | | |
|---|---|---|
| 1.14.1 | Syfers/statistiek in TEKS A genoem, word in TEKS B grafies voorgestel/ opgesom. √ | 1 |
| 1.14.2 | Dit is groter geskryf/ makliker sigbaar /syfers vang die leser se oog makliker as die woorde. /syfers word meer kernagtig /opsommend aangebied. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.14.3 | Ja, die B-gedeelte het minder syfers/ simboliese voorstellings as die A-gedeelte.<br><br>**OF**<br><br>Nee, in beide gedeeltes kom voorstellings voor, byvoorbeeld prentjies. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.15 | Dit is nog nie as waar bewys nie. /kan nie met sekerheid gesê word nie. Dalk veroorsaak damprook nie hierdie genoemde nadelige gevolge nie. Die stelling is nie meer ’n feit nie. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.16.1 | Studies is slegs op 25 000 leerders (by 52 skole) gedoen. √ | 1 |
| 1.16.2 | Volgens prof. Hoare (paragraaf 9) besef baie gebruikers nie dat hulle verslaaf is nie (en sal dit nie tydens ’n studie erken nie.) √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ŉ opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs riglyne wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totale punte: 10
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

  - Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 4-5 direkte aanhalings: ken ŉ maksimum van 1 taalpunt toe
  - 2-3 direkte aanhalings: ken ŉ maksimum van 2 taalpunte toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**NASIENSIMBOLE**

| | |
|---|---|
| ^ | Onvolledige feit |
| V | Onvolledige sin |
| F | Feitefout |
| A | Aanhaling |
| H | Herhaling |



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

Wees ondersteunend teenoor jou kind en probeer om altyd positief oor spanmaats/die afrigter en opponente voor jou kind te praat. Wees versigtig om jou eie kind te kritiseer en kies ook die regte tyd vir kritiek teenoor jou kind. Stel realistiese verwagtinge aan jou kind om sodoende ongesonde druk te vermy. Leer jou kind van goeie sportmanskap en respek. Hanteer fisiese beserings reg, maar maak ook seker dat jou kind nie emosioneel uitbrand nie. Handhaaf ten alle tye 'n goeie balans tussen sport en jul gesinslewe.

**[Getal woorde: 87]**

**OF**

| **AANHALING UIT TEKS** | | **MOONTLIKE BEWOORDING** | |
|---|---|---|---|
| **1** | ... wees 'n **ondersteuner**. Maak seker jou kind weet jy **ondersteun hulle ongeag wat...** moet nie die rol van die afrigter ens. probeer oorvat nie. | **A** | Wees ondersteunend teenoor jou kind (sonder om die afrigter se rol oor te vat). |
| **2** | **Praat ook positief oor spanmaats, die afrigter en ander ouers**. ... wat jy 'n afrigter of speler voor jou kind slegsê ... sukkel om afrigter of speler te vertrou. | **B** | Praat positief oor spanmaats / die afrigter / ander ouers voor jou kind. / Moenie die spelers of afrigters slegsê voor jou kind nie. |
| **3** | **Wees versigtig met kritiek** op jou eie kind ...Tydens **deelname** is dit **nie nodig nie** ... Gesels die volgende dag. | **C** | Wees versigtig om jou eie kind te kritiseer. / Kies die regte tyd vir kritiek teenoor jou eie kind. |
| **4** | **Realistiese verwagtinge** is ook belangrik ... **ongesonde druk** kan **keer** dat jou kind sy **potensiaal** verwesenlik. | **D** | Stel realistiese verwagtinge aan jou kind. / Vermy ongesonde druk wat jou kind se volle potensiaal moontlik kan belemmer. |
| **5** | **Lê** eerder **klem** op hulle veg- en **sportmangees**. **Respekteer** die opponente, skeidsregter en hul eie spanmaats. | **E** | Leer jou kind goeie sportmanskap (deur die opponente / skeidsregter / hul eie spanmaats ten alle tye te respekteer). |
| **6** | **Hanteer beserings reg.** Gee aandag aan beserings. **Luister** na aanbevelings van die **spesialiste**. | **F** | Behandel beserings reg (deur na aanbevelings van spesialiste te luister). |
| **7** | ... moet 'n mens ook **uitbranding voorkom**. ... sal maak dat 'n speler **nie meer kompeterend** kan wees nie. | **G** | Maak seker dat jou kind nie emosioneel uitbrand nie. |
| **8** | **Balans ...** is **belangrik. Moenie** jou **gesinslewe inboet** vir **sport** nie. | **H** | Handhaaf 'n goeie balans tussen sport en jou gesinslewe / ander belangstellings / 'n sosiale lewe. |
| | **(Die kandidaat kan enige 7 feite neerskryf.)** | | |

**TOTAAL AFDELING B: 10**



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**NASIEN VAN OPSOMMINGS INDIEN DIREKTE AANHALINGS GEBRUIK WORD**

| Gewone opsomming met eie woorde | AANTAL DIREKTE AANHALINGS UIT DIE TEKS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 AANHALINGS | 6 AANHALINGS | 5 AANHALINGS | 4 AANHALINGS | 3 AANHALINGS | 2 AANHALINGS | 1 AANHALING | TOTAAL |
| 7 feite +3 pte | + 0 | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | + 2 | + 3 | **7** |
| 6 feite + 3 pte | | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | + 2 | + 3 | **6** |
| 5 feite + 2 pte | | | + 0 | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | **5** |
| 4 feite + 2 pte | | | | + 0 | + 1 | + 1 | + 2 | **4** |
| 3 feite + 1 pt | | | | | + 0 | + 0 | +1 | **3** |
| 2 feite + 1 pt | | | | | | + 0 | + 1 | **2** |
| 1 feite + 1 pt | | | | | | | + 0 | **1** |

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoordantwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie, tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar ŉ afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudigekeuse-vrae word die letter van die korrekte antwoord en/of die antwoord wat uitgeskryf is, as korrek aanvaar.

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punte |
|---|---|---|
| 3.1.1 | DIGI in **DIGI**PROJEKTE is vetgedruk/donkerder. √ | 1 |
| 3.1.2 | Die gebruik van die voornaamwoorde **jy** en **jou**/die leser word direk aangespreek.<br>Retoriese vrae word (herhaaldelik) gevra.<br>Digi- word herhaal. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 3.2 | Die inhoud van reël 2 handel oor Afrikaanse gesegdes/ idiome/ spreekwoorde en vergelykings EN reël 2 se woordgebruik (eerste drie woorde) bevat so ŉ uitdrukking (Is jy gekonfyt in ...). √<br><br>*Die kandidaat bied BEIDE kante as antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.3 | Nie almal kan (goed) spel nie/party mense se spelling benodig aandag.√<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.4.1 | Die vrou gebruik haar hande/ beduie met haar hande wat die inhoud van reël 4 ondersteun (om ŉ standpunt te verdedig) √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.4.2 | Akuut √ | 1 |
| 3.5 | Assimilasie √ | 1 |
| 3.6 | Jou/mense se stem is hard/ mooi/ duidelik genoeg om ander te beïndruk, amper soos met voordrag./<br>Mense wil dikwels ander mense (met hul voordragstem) beïndruk. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

Kopiereg voorbehou


**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

| | | |
|---|---|---|
| 3.7 | Ja, die advertensie handel oor ’n digitale platform; daarom is die gebruik van die QR-kode funksioneel./ Onder aan die advertensie word daar melding gemaak dat jy net toegang tot ’n rekenaar, tablet of slimfoon en ’n internetverbinding benodig om in te skryf, daarom is die gebruik van die QR-kode funksioneel./ Dit is ’n moderne metode waarvolgens mense deesdae inligting verkry. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | geskenkie √<br><br>*Die woord moet korrek gespel wees.* | 1 |
| 4.2.1 | Onsekerheid/ twyfel/ huiwering/ besluiteloosheid √<br><br>**EN**<br><br>Hy gebruik die tussenwerpsel "mmm"/ hy sê "DALK." √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 4.2.2 | Ellips/ beletselteken/ (aandag)stippels √ | 1 |
| 4.3 | Sy oë is groot/ groter oop/ sy wenkbroue is gelig √<br>**EN**<br>sy vinger wys/ is gelig na items wat die verkoopsdame beskikbaar het. √ | 2 |
| 4.4 | "vrygewig" / "sjoe"/ "omtrent" √ | 1 |
| 4.5 | C/sarkasme | 1 |
| 4.6 | Die verkoopsdame kom as nuuskierig voor/ belangstellend teenoor haar klante./<br>Sy het (waarskynlik) nie gedink dat die geskenk vir hom is nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.7 | Ja, hy slaag met sy doel.<br>Sy rol haar oë/ haar wenkbroue is gelig/ haar arms is gevou teen haar bors. √<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | | **[10]** |


**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | **Dié**/**Hierdie**/**Daardie** storie van melktert. √ | 1 |
| 5.2 | weergawe √ | 1 |
| 5.3 | A/paneel √ | 1 |
| 5.4 | Dit is ’n (besondere) lang e-(klank) in ’n oop lettergreep. √ | 1 |
| 5.5.1 | Soos wat sterre in die Melkweg **skitter** so **staan** melktert as ’n tradisionele nagereg/dis/kos **uit** tussen ander. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.5.2 | Melktert skitter **nêrens** in die Melkweg van ons tradisionele koshemel **nie**. √ | 1 |
| 5.6 | Byvoeglike bysin √ | 1 |
| 5.7 | vasdagre**ël**s √ | 1 |
| 5.8 | smaaklike √ | 1 |
| 5.9 | Ter afsluiting √ | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**